

## **Wie het Jesus gesê Hy was?**

Jesus Christus het meer as 300 profesieë oor die Messias, wat in Genesis tot Maleagi gevind word (en honderde jare voordat Hy selfs gebore was, geskryf was), vervul. Jesus het akkuraat voorspel dat Hy sou sterf (iets wat nie moeilik is vir 'n omstrede openbare figuur om te doen nie) en uit die dood opgewek sou word (iets wat ietwat moeiliker is om te voorspel en teweeg te bring!). Dit help om die gesag van Jesus se leringe en sy bewerings dat Hy God is, te ondersteun en te staaf.

Jesus was meer as 'n goeie mens of 'n morele leraar. Baie nie-Christene sê dinge soos, "Ek hou van Jesus" of "Ek hou van wat Jesusn gesê het", in 'n poging om verdraagsaam te wees of te lyk asof hulle alle gelowe aanvaar. Die meeste van hierdie mense weet egter nie wat Jesus gesê het nie - as hulle geweet het, sou hulle gedink het dat Hy mal was. In sy leringe het Jesus beweer dat Hy God is (ons sal binnekort hierna kyk). As ons die lewe en leringe van Jesus bestudeer, is daar vir ons net drie opsies: Hy was òf dwaas, òf mal, òf Hy was werklik God en Here.

C.S. Lewis (1898 - 1963) was 'n Britse skrywer, literêre kritikus, en teoloog. In sy boek, "Mere Christianity", het hy geskryf: "(Jesus) sou óf 'n kranksinnige wees - op dieselfde vlak as die man wat sê hy is 'n gekookte eier - óf anders sou hy die Duiwel van die Hel wees. Jy moet jou keuse maak. Of hierdie man was, en is, die Seun van God, of anders 'n krankgeestige of iets erger. Jy kan hom afskryf as 'n dwaas, jy kan op hom spuug en hom doodmaak as 'n demoon, of jy kan voor hom neerval en hom Here en God noem, maar laat ons nie met enige neerbuigende nonsens kom dat hy 'n wonderlike menslike leraar was nie. Hy het dit nie vir ons oopgelaat nie. Hy het nie beoog om dit te doen nie."

## **By meer as een geleentheid het Jesus duidelike bewerings gemaak dat Hy God is.**

In die Bybel kan ons baie duidelik sien dat Jesus beweer het dat Hy God is. Toe Jesus hierdie bewerings maak, het niemand hom verkeerd verstaan nie; hulle het die bedoeling van wat hy gesê het, baie duidelik verstaan. Vandag - omdat ons in 'n ander tyd en kultuur leef waarin sekere woorde en uitdrukkings 'n ander betekenis mag hê as toe Jesus hulle gebruik het - is dit maklik vir ons om sommige van die dinge wat Jesus gesê het, oor te sien. Dit is waar dit belangrik word om die Bybel volgens sy korrekte konteks te interpreteer.

Die Jode wou Jesus arresteer. Hulle rede was: "Jy, as mens, maak jouself God" (Johannes 10:33). Jesus het hulle nie reggehelp of gekorrigeer nie. Die Jode het dit as godslastering beskou; 'n ernstige misdaad, wat volgens die wet van Moses met die dood bestraf moes word. Uiteindelik is dit presies hierdie bewering van Jesus wat tot sy kruisiging lei. Die hoëpriester het hom gevra: "Sê ons, of jy die Christus, die Seun van God is" (Matteus 26:63). En Jesus het dit bevestig. Die hoëpriester het dit godslastering genoem omdat Jesus homself gelyk aan God gestel het.

Deur Sy leringe het Jesus die Jode en die hoëpriester genoeg bewyse gegee dat Hy Homself as God verklaar het.

In Johannes 8:58 het Jesus gesê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, voor Abraham was, is Ek." Hy het nie net gesê dat hy bestaan het voordat Abraham bestaan het (2000 jaar gelede) nie, maar hy het homself ook 'Ek is' genoem, wat God homself in Eksodus 3:14 genoem het. 'Ek is' of 'Yahweh' is die naam van God, en beskryf Sy heerskappy oor alle dinge, die bron van sy krag, en sy ewige aard: Ek IS. Hy is die selfgenoegsame, selfonderhoudende God wat was, wat is, en wat sal wees.

Jesus het gesê dat Hy bestaan het voordat Abraham bestaan het (Johannes 8:58). Hy het beweer dat Hy en Sy Vader een is (Johannes 10:30), en dat Hy gelyk is aan die Vader (Johannes 5:17-18). Nie net het Jesus beweer dat Hy God is nie, maar Hy het ook beweer om die mag van God te hê. Hy het gesê dat Hy die gesag het om oor die nasies oordeel uit te spreek (Matteus 25:31-46). Hy beweer dat Hy die gesag het om mense uit die dood op te wek (Johannes 5:25-29) en sondes te vergewe (Markus 2:5-7) - dinge wat alleenlik God kan doen (1 Samuel 2:6; Jesaja 43:25).

Jesus het ook gesê dat Hy die mag het om gebede te beantwoord (Johannes 14:13-14), en dat Hy altyd by sy volgelinge sal wees (Matteus 28:20). In Johannes 16:15 sê Jesus: "Alles wat aan die Vader behoort, is myne."

Dit is heeltemal logies en redelik om tot die gevolgtrekking te kom dat Jesus Here is! Hyself het verklaar dat Hy God was! Die uiteindelijke bewys dat Hy die waarheid gepraat het, is Sy opstanding uit die dood na Sy kruisiging.

Deuteronomium 6:4 (vertaal vanaf die Engelse KJV)

"Hoor, o Israel: Die HERE onse God is een HERE."

Dit is maklik om verward te raak en te dink dat daar drie gode is (Vader, Seun en Heilige Gees), maar ons aanbid nie verskeie gode nie. Dit is belangrik vir ons om te let dat daar een ware God is - en Hy het Homself aan ons geopenbaar as die Vader, God, wat vlees geword het (Johannes 1:14) deur mens te word (as die Seun), en nou in die gelowige woon as die Heilige Gees (Efesiërs 1:13). Jesus het gesê dat Hy en sy Vader een is (Johannes 10:30) en beklemtoon een God, wat ons aan ons geopenbaar word op drie maniere: Vader, Seun en Heilige Gees. Op 'n manier is dit soos ek 'n vader, 'n eggenoot en 'n seun is - verskillende uitdrukkings van dieselfde persoon.

Iets wat dikwels na vore kom vir mense, is die die volgende vraag: as Jesus God se Seun is, beteken dit dat God 'n vrou het? Hierdie vraag is ook 'n probleem vir baie Moslems: hulle glo dat Muhammad geglo het dat Christene Maria as deel van wat sommige Christene "die drie-eenheid" noem (Vader, Seun en Heilige Gees), beskou. Dit is verkeerd. Die Islamitiese geloof sien Maria en Jesus verkeerdelik as bloot uitsonderlike mense.

As ons nie Bybelse terme in hul konteks verstaan nie, sal ons hulle buite hul konteks neem en met 'n leuen bly sit. Jesus is nie die biologiese seun van God nie. "Seun van God" verwys nie na 'n kind wat in 'n kraamsaal gebore word nie. Histories het baie heersers (soos Caesar Augustus) titels soos die "seun van God" aangeneem. In die Ou Testament geskifte word die term "die seun van God" gebruik as 'n manier om na mense te verwys wat 'n spesiale verhouding met God het. In Eksodus word die nasie van Israel God se eerstelingseun genoem (Eksodus 4:22). Salomo word ook "seun van God" genoem (1 Kronieke 28:6). Engele en die konings van Israel (2 Samuel 7:14, Psalms 2:7 en Psalms 89:27) word ook dikwels "seuns van God" genoem

Johannes 3:16 (vertaal vanuit die Engelse KJV)

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sou gaan nie, maar die ewige lewe sou hê.

Soos ons gesien het, word mense en selfs die nasie van Israel deur die Ou Testament geskifte "seuns van God" genoem. In Johannes 3:16 moet ons spesiale aandag skenk

aan "eniggebore" - wat nie na "enig" in die numeriese sin verwys nie, maar beter vertaal kan word as "enig unieke" Seun van God. Die Volledige Joodse Bybel gee hierdie vers op die volgende wyse weer:

"Want God het só die wêreld liefgehad dat Hy sy eniggebore en unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat op Hom vertrou, die ewige lewe kan hê, eerder as om heeltemal vernietig te word."


Alhoewel die titel 'Seun van God' na die goddelikheid van Jesus verwys, verwys die term nie na nageslag nie, maar eerder na iets nader aan die betekenis 'van God se familie' of 'met goddelike gesag en doel'.

In Handeling 2:46 verklaar Petrus dat die opgestane Jesus beide Here (wat meester beteken, maar ook 'n tittle is wat aan God, die Messias, gegee word) en Christus (wat die Gesalfde Een, die Messias, beteken) is.

Die feit is dat Jesus Homself as God verklaar het, en toe voortgegaan het om dit te bewys deur uit die dood op te staan. Ons moet Hom (en sy leringe) óf aanvaar óf verwerp. Die gevolge van hierdie besluit is ewig.

## JESUS se bewerings dat Hy God is

Ons kan op een van twee moontlike wyses reageer:.



Beeld aangepas uit Josh McDowell se boek *Evidence that demands a verdict*.

## **Vrae om oor na te dink**

1. Waar sou jy jousef op die diagram hierbo plaas?
2. Is jy gereed om Jesus as Here en Verlosser te aanvaar?
3. Is daar iets wat jou terughou daarvan om Jesus as God te aanvaar, en indien wel, wat is dit?